GRONDWET VAN DIE

SUID-AFRIKAANSE DIAMANT

PRODUSENTE ORGANISASIE

(SADPO)

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING 1

2. UITLEG 1

3. DOELSTELLINGS 3

4. LIDMAATSKAP 5

5. ORGANISATORIESE STRUKTURE 8

6. KLAGTES TEEN BEAMPTES EN LEDE 16

7. WYSIGING VAN GRONDWET 16

8. VRYWARING VAN KOMITEES EN AMPSDRAERS 17

9. ONTBINDING 17

10. GOEDKEURING VAN GRONDWET 18

1. INLEIDING

1.1 Verskeie rolspelers deel 'n verskeidenheid van belange in die diamantbedryf;

1.2 Sulke rolspelers wens om die diamantbedryf oor die algemeen te bevorder; en

1.3 Hierdie rolspelers is van voorneme om deur die Organisasie die bedryf te dien en te bevorder soos meer volledig in klousule 3 uiteengesit.

2. UITLEG

2.1 Tensy 'n ander bedoeling duidelik uit hierdie ooreenkoms blyk:

2.1.1 Sluit een geslag die ander geslag in;

2.1.2 Sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd; en

2.1.3 Sluit natuurlike persone, entiteite (geïnkorporeerd of nie-geïnkorporeerd) en die Staat in.

2.2 TERMINOLOGIE

Die volgende terme sal die volgende beteken en verwante uitdrukkings sal ooreenstemmende betekenisse hê:

2.2.1 **"Diamantwet"** beteken Diamantwet 56 van 1986 en soos gewysig of vervang van tyd tot tyd;

2.2.2 **"Bemarkingsentiteite"** beteken enige wettige entiteit wat betrokke is by die bemarking van produsente diamante;

2.2.3 **"Minerale"** beteken Diamante;

2.2.4 **"Mineralereg"** beteken 'n prospekteer- of mynreg of 'n mynpermit;

2.2.5 **"MPRDA"** beteken die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum Hulpbronne Wet 28 van 2002 van Suid Afrika en die regulasies daarvolgens uitgevaardig en soos gewysig of vervang van tyd tot tyd;

2.2.6 **"Myn"** soos gedefinieer in artikel 1 van die MPRDA;

2.2.7 **"Mynbou"** sal 'n ooreenstemmende betekenis hê;

2.2.8 **"Mynbou aktiwiteit" / "Mynbou"** beteken ontginning, prospekteer en/of myn vir diamantdraende materiaal en die onttrekking van diamante daaruit; en

2.2.9 **"Kworum"** beteken 50% plus 1 van verkose ampsdraers; en

2.2.10 **"Produsent"** beteken a persoon of persone wat geregtig is om

diamante te win of uit te haal ingevolge artikels 19, 25 en 27 Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum Hulpbronne Wet 28 van 2002.

2.3 Waar enige aantal dae in hierdie Grondwet voorgeskryf word, sal dit bereken word met uitsluiting van die eerste dag maar insluiting van die laaste dag, behalwe as die laaste dag op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag val, in welke geval die laaste dag die volgende dag sal wees wat nie 'n Saterdag, Sondag of publieke vakansiedag is nie.

3. DOELSTELLINGS

3.1 DIE ORGANISASIE IS GESTIG TEN EINDE:

3.1.1 Te dien as 'n organisasie vir die bevordering van die diamantbedryf deur diegene wie geregtig is om te prospekteer en/of te myn vir diamante in terme van die Wette van die Republiek van Suid-Afrika, sowel as die oppervlak-eienaars van grond met diamantdraende gruis wat ontgin mag word;

3.1.2 Stappe te doen wat die Organisasie as noodsaaklik ag vir die doel van die bevordering van die ontginning van diamante;

3.1.3 Te dien as 'n forum vir bespreking en interaksie met ander

strukture wat betrokke is in die ontginning van diamante, insluitend die Staatstrukture en bemarkingstrukture, met die oog daarop om die diamantbedryf in die algemeen te bevorder; en

3.1.4 Te dien as 'n inligtingskanaal waardeur noodsaaklike inligting wat betrekking het op die diamantbedryf, gekanaliseer kan word.

3.2 Ten einde die bogenoemde doelstellings te bereik, sal **DIE ORGANISASIE DIE BEVOEGDHEID HÊ OM:**

3.2.1 Druk op die Minister uit te oefen om die Organisasie te erken en daarmee te konsulteer ten opsigte van die diamantbedryf;

3.2.2 Hom te beywer vir die aanstelling van 'n lid in die Raad van die Suid-Afrikaanse Diamante en Edelmetale Reguleerder, voorheen bekend as die Diamantraad;

3.2.3 'n Perseel te bekom om deur die Organisasie geokkupeer te word ten einde as 'n basis te dien om die organisasie behoorlik te bedryf en bestuur;

3.2.4 Hom te beywer vir die beslegting van dispute tussen lede in die bedryf, deur arbitrasie;

3.2.5 Hom te affilieer by ander organisasies of laasgenoemde te

inkorporeer, met die oog daarop om die doelwitte van die Organisasie te bereik;

3.2.6 Voorleggings aan die publiek en ander organisasies te maak in belang van die Organisasie en/of die diamantbedryf, insluitend Staatstrukture;

3.2.7 Regstappe te doen vir die beskerming van die kollektiewe belange van die lede van die organisasie, ingesluit litigasie aangaande 'n individuele lid, indien sodanige individuele litigasie voordelig is vir alle lede van die organisasie;

3.2.8 Enige stappe te neem wat die Organisasie as noodsaaklik ag ten einde direk of indirek die Organisasie se doelstellings soos uiteengesit in 3.1 hierbo te verwesenlik; en

3.2.9 Niks in hierdie Grondwet magtig die uitruil van inligting tussen lede en welke inligting nie deel van die openbare domein is nie en/of wat 'n mededingende voordeel mag verleen nie.

4. LIDMAATSKAP

4.1 DIE LIDMAATSKAP SAL SLEGS DIE VOLGENDE BEHELS:

4.1.1 Diamantprodusente: Enige persoon wat diamante ontgin of

herwin ingevolge artikels 19, 25 en 27 van die MPRDA;

4.1.2 Oppervlak-eienaars: Enige persoon wat onroerende eiendom besit of in besit is van onroerende eiendom ten opsigte waarvan daar prospekteer- en/of mynbou-aktiwiteit vir diamante uitgevoer word, of uitgevoer mag word;

4.1.3 Bemarkingsentiteite: Enige wettige bemarkingsentiteit;

4.1.4 Enige persoon of struktuur wat 'n positiewe bydrae tot die doelstellings van die Organisasie kan maak, soos goedgekeur deur die Nasionale komitee.

4.2 Aansoek om lidmaatskap deur nuwe lede moet gedoen word op die wyse soos voorgeskryf deur die Nasionale Komitee.

4.3 Nuwe Produsente by Bemarkingsentiteite sal outomaties lidmaatskap tot die Organisasie verkry.

4.4 Nie-Produsente kan aansoek doen by die Nasionale Komitee om lidmaatskap van die Organisasie te bekom,

4.5 LEDEGELDE

4.5.1 Ledegelde is betaalbaar aan die Organisasie soos van tyd tot tyd deur die Nasionale Komitee bepaal;

4.5.2 Ledegelde van Produsentlede wat gehef word deur die Bemarkingsentiteite, sal aan die Organisasie oorbetaal word op of voor die laaste besigheidsdag van die maand wat volg op die maand waarin genoemde ledegeld gehef is;

4.5.3 Bemarkingsentiteite sal hul ledegeld voor of op die laaste besigheidsdag van elke maand oorbetaal; en

4.5.4 Nie-Produsentelede sal hul lidmaatskapfooie aan die Organisasie oorbetaal soos van tyd tot tyd deur die Nasionale Komitee bepaal.

4.6 OPSKORTING EN KANSELLASIE VAN LIDMAATSKAP

4.6.1 Lidmaatskap mag deur die Nasionale Komitee opgeskort word op die volgende gronde:

4.6.1.1 Indien die lid nie langer kwalifiseer vir lidmaatskap soos bepaal in klousules 4.1 – 4.5 hierbo nie;

4.6.1.2 Indien 'n lid agterstallig bly met die betaling van sy lidmaatskapfooie vir 'n tydperk van twee (2) maande nadat 'n versoek vir sodanige betaling by wyse van 'n skriftelike kennisgewing gerig is aan sy posadres of E-pos adres; en / of

4.6.1.3 Indien die Nasionale Komitee na sy uitsluitlike oordeel oortuig is dat 'n lid deur sy optrede die Organisasie in die verleentheid gestel het en/of die naam van die Organisasie in oneer gebring het.

4.6.2 In die geval van opskorting ingevolge 4.6.1 hierbo, sal die Nasionale Komitee slegs geregtig wees om die opgeskorte lidmaatskap te kanselleer nadat 'n behoorlike proses gevolg is, wat insluit dat die betrokke lid die geleentheid gebied word om sy saak voor die Nasionale Komitee te stel.

4.7 BEDANKING VAN LIDMAATSKAP

Enige lid mag skriftelik bedank. Die bedanking is effektief sodra die Nasionale Komitee dit ontvang het, sonder benadeling van enige regte of regmiddels wat die Organisasie mag hê.

5. ORGANISATORIESE STRUKTURE

5.1 Die Organisasie sal bestaan uit die Nasionale Komitee en sub-komitees, saamgestel soos hierna uiteengesit.

5.2 Die Nasionale Komitee sal verkies en/of aangestel word deur die teenwoordige lede van die Algemene Jaarvergadering.

5.3 Sodanige Algemene Jaarvergadering mag in afsonderlike vergaderings

verdeel word, alhoewel na elke afsonderlike vergadering verwys sal word om deel te vorm van die Organisasie se Algemene Jaarvergadering.

5.4 Indien die Algemene Jaarvergadering so verdeel word, sal die stemming van elke afsonderlike vergadering in berekening gebring word om te bepaal of die Algemene Jaarvergadering sodanige resolusies kan aanvaar.

5.5 Enige resolusie aldus gesamentlik goedgekeur by 'n afsonderlike vergadering sal geag word 'n resolusie van die Organisasie se Algemene Jaarvergadering te wees en sal bindend en afdwingbaar wees, asof aangeneem by 'n gesamentlike vergadering.

5.6 Die Voorsitter van die Nasionale Komitee sal as Voorsitter van elke SADPO vergadering optree.

5.7 DIE NASIONALE KOMITEE

5.7.1 Die Nasionale Komitee sal saamgestel word soos volg:

5.7.1.1 Sover moontlik sal 'n gelyke hoeveelheid produsentelede van die verskillende geografiese gebiede by elke individuele geofgrafiese vergadering of Algemene Jaarvergadering tot Nasionale Komiteelede verkies word;

5.7.1.2 'n Maksimum van tien (10) Produsentelede sal verkies word; en

5.7.1.3 Een (1) Verteenwoordiger van elke bemaringsentiteit sal verkies word.

5.7.2 Die Nasionale Komitee sal hulle eie Voorsitter en Onder-Voorsitter verkies uit die Produsentlede.

5.7.3 Die Organisasie sal jaarliks 'n Ouditeursfirma op die Algemene Jaarvergadering aanstel vir die daaropvolgende boekjaar welke firma outomaties sal optree as die tesourier wat dien op die Nasionale Komitee van die Organisasie.

5.7.4 Die Voorsitter sal 'n beslissende stem hê.

5.8 MAGTE EN BEVOEGDHEDE VAN DIE NASIONALE KOMITEE

5.8.1 Die Nasionale Komitee moet toesien dat hulle magte en bevoegdhede op 'n behoorlike manier uitgevoer word.

5.8.2 Die Nasionale Komitee sal geregtig wees om Sub-Komitees aan te stel en magte te delegeer om enige ondersoek te doen of taak uit te voer wat in belang van die diamantbedryf is.

5.8.3 Die Nasionale Komitee sal skakel met enige ander Staats- en nie-Staatstrukture, soos van tyd tot tyd noodsaaklik geag.

5.8.4 Die Nasionale Komitee moet daarna streef om die status en beeld van die diamantbedryf te bevorder.

5.8.5 Die Nasionale Komitee sal toepaslike/noodsaaklike inligting aangaande die diamantbedryf en marktoestande aan sy lede deurgee.

5.8.6 Die Nasionale Komitee moet deurlopend met die Departement van Minerale Hulpbronne skakel.

5.8.7 Die Nasionale Komitee sal alle noodsaaklike besluite namens die Organisasie neem. Vir hierdie doel sal die Nasionale Komitee kennis neem van die aanbevelings van die Sub-Komitees indien van toepassing.

5.8.8 Die Nasionale Komitee sal kwartaalliks vergader op 'n tyd en plek wat in oorleg met die Hoof Uitvoerende Beampte gereël word. Dringende vergaderings en telekom vergaderings kan soos nodig belê word.

5.8.9 Die Nasionale Komitee mag sodanige Hoof Uitvoerende Beampte aanstel, asook enige ander werknemers waarvoor daar 'n behoefte is en kan besluite neem oor hul diensvoorwaardes.

5.8.10 Die dag tot dag bestuur van die Nasionale Komitee sal

uitgevoer word deur die Voorsitter, Onder-Voorsitter, Hoof Uitvoerende Beampte en een (1) lid van die Nasionale Komitee.

5.8.11 Die Nasionale Komitee sal besluit oor die administrasie van die Organisasie se finansies en die toedeling van fondse vir uitgawes deur die Nasionale Komitee. Betalings sal deur enige twee (2) van die volgende gemagtig word:

5.8.11.1 Die Voorsiter; en/of

5.8.11.2 Die Onder-Voorsitter; en/of

5.8.11.3 Die Ouditeur of sy alternatief.

5.8.12 Die Nasionale Komitee mag alle nodige stappe onderneem ten einde inkomste te genereer en is geregtig om donasies te aanvaar.

5.8.13 Die Nasionale Komitee sal toesien dat die Organisasie se finansies jaarliks geoudit word en dat die ouditeursverslag en state voorgelê sal word vir kennisname en bespreking deur die lede by hulle Algemene Jaarvergadering. Dit sal ook voorgehou word tydens die kwartaallikse vergaderings van die Nasionale Komitee.

5.8.14 Daar sal vir alle praktiese redes geag word dat die Nasionale Komitee 'n ondubbelsinnige mandaat het om op te tree in belang van die Diamantbedryf soos uiteengesit in paragraaf 3 van die Grondwet, tensy anders besluit deur die Algemene Jaarvergadering.

5.8.15 Die Nasionale Komitee sal geregtig wees om enige aksie in te stel of te verdedig namens die Organisasie in enige geregshof of arbitrasie of bemiddeling.

5.8.16 Die Nasionale Komitee sal geregtig wees om namens die Organisasie bankrekeninge te open, betalings te maak en kwitansies uit te reik.

5.8.17 Alle betalings deur lede gemaak met debiet- of kredietkaart moet vergesel word van 'n faktuur aan die tesourier.

5.8.18 Die Nasionale Komitee sal verantwoordelik wees vir die toepassing en nakoming van die Grondwet van die Organisasie.

5.8.19 Die Nasionale Komitee sal ook geregtig wees om te handel met enige ander aangeleentheid waarna die Grondwet nie verwys nie, wat relevant en/of van belang is vir die doelstellings van die Organisasie of wat in belang is van die lede van die Organisasie.

5.8.20 Die Nasionale Komitee sal geregtig wees om prosedures te bepaal en reëls neer te lê om enige aangeleentheid of aspek te hanteer wat nie in hierdie Grondwet vervat is nie.

5.8.21 Indien enige ampsdraer van twee (2) opeenvolgende Nasionale Komitee vergaderings afwesig sou wees sonder 'n geldige verskoning of sonder om 'n verteenwoordiger in sy plek te stuur, sal hy sy amp ontruim en die Nasionale Komitee mag 'n plaasvervanger koöpteer vir die oorblywende termyn.

5.8.22 Geen besluite op Nasionale Komitee vergaderinge mag geneem word tensy daar 'n kworum teenwoordig is nie.

5.8.23 Die tesourier sal op elke vergadering 'n bygewerkte staat van inkomste en uitgawes van die finansiële sake aan die Nasionale Komitee voorlê, met spesifieke verwysing na die inkomstes en uitgawes sedert die vorige vergadering aangegaan.

5.8.24 Alle verkose ampsdraers moet enige belange in privaat hoedanigheid wat kan lei tot konflik van belange in terme van hul assosiasie met die Organisasie skriftelik verklaar.

5.9 HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

5.9.1 Die Hoof Uitvoerende Beampte sal aangestel word deur die Nasionale Komitee. Die posisie van die Hoof Uitvoerende

Beampte mag geadverteer word en aansoeke moet vergesel word van 'n *curriculum vitae*.

5.9.2 Die Nasionale Komitee moet 'n gespesifiseerde lys van diensvoorwaardes saamstel en voorsien, asook die minimum opvoedkundige of akademiese of praktiese vereistes vir die pos daarstel.

5.9.3 Die Hoof Uitvoerende Beampte sal verantwoordelik wees vir die beheer en administrasie van die sake van die Organisasie. Hy sal verplig wees om die besluite en opdragte van die Nasionale Komitee en sy Voorsitter uit te voer en te implementeer.

5.9.4 Gedurende onderhandelinge met ander organisasies en strukture namens die Organisasie, moet die Hoof Uitvoerende Beampte vergesel word deur die Voorsitter van die Nasionale Komitee of 'n ander persoon wat vir hierdie doel deur die Komitee aangewys word.

5.9.5 Die aangestelde Hoof Uitvoerende Beampte sal ook optree as sekretaris by alle vergaderings.

5.10 ARBITRASIE

5.10.1 Enige lid wat in 'n dispuut met 'n ander lid betrokke is, mag by die Nasionale Komitee aansoek doen om arbitrasie van die

dispuut te fasiliteer;

5.10.2 Die Nasionale Komitee moet teen ontvangs van sodanige aansoek, poog om die geskil deur bemiddeling te besleg;

5.10.3 Indien sodanige bemiddeling misluk, mag die Nasionale Komitee die dienste van 'n persoon of assosiasie bekom om as arbiter op te tree;

5.10.4 Die beslissing van die arbiter sal finaal en bindend op die betrokke partye wees; en

5.10.5 Die partye sal die arbitrasie finansier, tensy die Nasionale Komitee anders besluit.

6. KLAGTES TEEN BEAMPTES EN LEDE

Elke klagte teen 'n beampte of lid van die Organisasie moet skriftelik ingedien en oorhandig word aan die voorsitter van die betrokke Komitee, om te ondersoek en aan die Nasionale Komitee verslag te doen.

7. WYSIGING VAN GRONDWET

Die Grondwet mag gewysig word by die Algemene Jaarvergadering, soos hierbo uiteengesit, op voorwaarde dat kennis van sodanige wysigings saam

met die kennisgewing van die vergadering gegee is en op voorwaarde dat sodanige wysigings goedgekeur word deur 66% van die lede teenwoordig by die Algemene Jaarvergadering.

8. VRYWARING VAN KOMITEES EN AMPSDRAERS

Die lede van die Nasionale Komitee, alle ander ampsdraers, lede en werknemers van die Organisasie, word gevrywaar en skadeloos gestel teen enige eis vir skadevergoeding of verlies en koste aangegaan in die belang van die Organisasie, behalwe indien dit veroorsaak is deur sy eie optrede wat 'n element van oneerlikheid of *mala fides* bevat.

9. ONTBINDING

9.1 Die Organisasie mag ontbind word deur 'n meerderheidsbesluit van ten minste 66% van die lede teenwoordig geneem by die Nasionale Algemene Jaarvergadering van die Organisasie.

9.2 In die geval van ontbinding sal die Nasionale Komitee 'n likwidateur aanstel om beheer te neem van die bates en laste van die Organisasie en dit te likwideer.

9.3 Indien daar 'n surplus beskikbaar is na betaling van al die voormelde administrasiekoste, likwidasiekoste en eise van krediteure, sal die

likwidateur sodanige surplus oorbetaal aan 'n liefdadigheidsorganisasie waarvan die hoofdoel die bewaring van die natuur is en soos bepaal deur die Nasionale Komitee of alternatiewelik die likwidateur.

9.4 Geeneen van die lede van die Organisasie sal aanspreeklik wees vir enige tekort met betrekking tot die betaling van die Organisasie se skulde nie, maar geeneen van die lede sal geregtig wees om betaling te ontvang van enige gedeelte van die surplus, bloot omdat hy 'n lid van die Organisasie was nie.

10. GOEDKEURING VAN GRONDWET

Hierdie Grondwet is goedgekeur by die Nasionale Algemene Jaarvergadering van die Organisasie gehou te KIMBERLEY op hierdie 19de dag van Junie 2014.

VOORSITTER